Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2020

ÉcoleBooks

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA / NEE, EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE / WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat gee ŉ volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE / DRIE feite vereis word en ŉ reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE / DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.
- **Of soortgelyk aan bogenoemde** beteken ŉ sinoniem van die voorgestelde antwoord op die nasienriglyn.

## VRAAG 1

### TEKS A: DIE MEISIE WAT WEIER OM OP TE GEE

[Vertaal en aangepas uit *Weekend Post*, Saterdag, 28 Desember 2019.]

ÉcoleBooks

| | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Sistiese fibrose/Longsiekte | (1) |
| | | |
| 1.2 | Universiteit | (1) |
| | | |
| 1.3 | Sodat sy ŉ foto saam met haar baba (op die spesiale dag) kon neem. | (1) |
| | | |
| 1.4 | Dr. Gebers (Hy) is ŉ spesialis op sistiese fibrose (in kinders). | (1) |
| | | |
| 1.5 | Hulle het (beide) bygedra om Teniel se lewe te red.<br>*(of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| | | |
| 1.6 | Op die ouderdom van drie het engele aan Teniel verskyn … | (1) |
| | | |
| 1.7 | Sy veg/baklei/was vasbeslote om aan die lewe te bly./Sy gooi nie tou op nie./Dit (die lewe) is ŉ stryd vir haar./Die siekte is ŉ stryd vir haar. | (1) |
| | | |
| 1.8 | (Sy was) hoofmeisie/hoofdogter./Sy het vyf A's vir haar vakke behaal./Sy het graad 12 met vyf onderskeidings geslaag. | (2) |
| | | |
| 1.9 | Sistiese fibrose/die longsiekte tas jou longe aan./ Sy sukkel om asem te haal./Sy sukkel om genoeg suurstof in haar longe te kry.<br>*(of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.10 | • Sy kon tydens haar finale eksamen voltyds haar suurstoftenk gebruik.<br>• Sy kon 'n deel van haar gr. 11-eksamen in die hospitaal skryf.<br>• Haar wiskunde onderwyser, mev. Theron, het gedurende die derde kwartaal in haar matriekjaar hospitaal toe gegaan om daar vir haar klas te gee. | | (3) |
| | | | |
| 1.11 | B / Sy is opgewonde oor haar toekoms. | | (1) |
| | | | |
| 1.12 | • Haar geloof<br>• Haar vriende | | (2) |
| | | | |
| 1.13 | • Sy sal by die huis kan werk wanneer sy miskien eendag bedlêend is. | | (1) |
| | | | |
| 1.14 | Sy is met 'n lewensgevaarlike siekte gebore en sy kan daarom enige dag sterf. | | (1) |
| | | | |
| 1.15 | Hoop | | (1) |
| | | | |
| 1.16 | Daar is te veel dinge in die lewe wat sy wil doen./Sy wil verder studeer/universiteit toe gaan./Sy wil eendag in Logistiek gaan werk./Sy leef elke dag ten volle/voluit./Sy doen dinge voluit./Sy het met joga begin./Sy sien uit om universiteit toe te gaan. | | (1) |
| | | | |
| 1.17 | 1.17.1 | C – 42 jaar | (1) |
| | 1.17.2 | A – Drie dae teenwoordig | (1) |
| | 1.17.3 | B – Ses maande | (1) |
| | | | |
| 1.18 | Dit gaan oor Teniel (Smit) wat baklei om aan te hou leef ten spyte van haar prognose/haar longsiekte/sistiese fibrose/haar lewensgevaarlike siekte (as pasgebore baba).<br>*(of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| **TEKS B**<br>[Aangepas en vertaal uit www.grafika24.com.] | | | |
| | | | |
| 1.19 | Die apps wat gesondheid en oefening monitor (**nie gesondheidsorg nie**). | | (1) |
| | | | |
| 1.20 | Dit wys jy hou daarvan./Dit is 'n positiewe reaksie./Dit is positiewe kommentaar. | | (1) |
| | | | |
| 1.21 | Wêreldwyd | | (1) |
| | | | |
| 1.22 | 33% | | (1) |
| | | | |
| 1.23 | 67% | | (1) |
| | | | |
| 1.24 | 50% | | (1) |
| | | | |
| | | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING (TEKS C)**

**ALGEMEEN**

- Kandidate moet volsinne skryf. Indien ŉ werkwoord kort, is dit nie meer ŉ volsin nie.
- Wenke moet met ŉ **werkwoord** begin.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate hoef nie ŉ TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

**LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE ŉ KONTEKS HET**

ÉcoleBooks

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE-DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in ŉ volsin aangebied word.**

**Punte**

1–3 feite korrek – 1 punt
4–5 feite korrek – 2 punte
6–7 feite korrek – 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in ŉ volsin aangebied word.**

**Punte**

6–7 aanhalings – geen punte vir taal
1–5 aanhalings – 1 punt vir taal

**LET WEL:**

**Woordtelling:** Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.

**Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**

Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- **Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**TEKS C**
[Aangepas uit https://bit.ly/39fQQrE.]

**LET WEL:** Kandidate moet sewe wenke gee oor hoe **DIE MOETS EN MOENIES VAN SELFIE-ETIKET**.

| DIREKTE AANHALING | EIE WOORDE |
|---|---|
| **As jy saam met iemand anders in die foto is, moet jy altyd eers die ander persoon se toestemming vra voor jy dit op enige sosiale netwerk plaas**; selfs as jy dit op WhatsApp wil deel. | 1 Vra eers iemand se toestemming voor jy ’n foto op ’n sosiale netwerk plaas. |
| **Indien die foto jou lewe of gesondheid in gevaar sit, moet jy dit eerder nie doen nie**. Jy moet altyd onthou dat jou veiligheid eerste kom. | 2 Plaas jou veiligheid eerste./Moenie jou lewe of gesondheid in gevaar stel nie. |
| Voor jy ’n selfie van iets of van iemand neem wat vir jou persoonlik snaaks is, **dink eers of dit iemand se reputasie kan seermaak.** | 3 Moenie iemand se reputasie beskadig nie. |
| Dit is nie reg om ’n selfie by ’n begrafnis of in die intensiewesorgeenheid (ICU) in ’n hospitaal te neem nie. **Jy moet beslis respek in sensitiewe situasies toon.** | 4 Moenie onder sensitiewe omstandighede/in ’n sensitiewe omgewing ’n selfie neem nie. Jy moet respek toon in sensitiewe situasies. |
| **Wanneer jy ooit deel van ’n ongelukstoneel is of by ’n ongeluk betrokke is, moet nooit ’n selfie neem nie.** Dit pas glad nie dat jy hier selfies neem nie; gaan help eerder. | 5 Help eerder op ’n ongelukstoneel, as om ’n selfie te neem./Moenie by ’n ongelukstoneel ’n selfie neem nie. |
| Almal is nie geïnteresseerd in intieme foto’s van jou en jou spesiale vriend of vriendin nie. Moet dit nooit op sosiale media deel nie. | 6 Moet nooit intieme selfies op sosiale media plaas nie. |
| **Elke oomblik van jou lewe** – en dit wat jy eet - **hoef nie op sosiale media geadverteer te word nie**. / **Moet dit daarom nie oordoen deur ’n selfiedagboek met almal te deel nie.** | 7 Moenie alles van jou lewe afneem en op sosiale media deel nie./Moenie ’n selfiedagboek met almal deel nie. |

EcoleBooks

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## NASIENRIGLYNE

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek gespel wees om punte te verdien**.
- Indien een woord gevra word, bv. die korrekte vorm van die woord tussen hakies, mag die kandidaat die hele sin uitskryf soos dit op die vraestel gegee word. Dis slegs by Leesbegrip en Vraestel 2 waar die kandidaat gepenaliseer word indien die korrekte woord nie uitgelig of onderstreep word nie. Waar daar in Vraestel 1 spesifiek gevra word vir *een woord vir* ..., geld hierdie toegewing nie.
- **Spelfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word**.
  - Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
  - Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie en die gebruik van klein- en hoofletters ook korrek wees om 'n punt te verdien.
- Vir meervoudigekeusevrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- **LET WEL**: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed. LET WEL: waar taalstrukture getoets word, word spelling gepenaliseer.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

## VRAAG 3

ÉcoleBooks

### TEKS D: ADVERTENSIE
[Eie teks]

| VR. | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | 4x4's | (1) |
| | | |
| 3.2 | Avontuurreise | (1) |
| | | |
| 3.3 | Sportsoorte | (1) |
| | | |
| 3.4 | Honderd/eenhonderd | (1) |
| | | |
| 3.5 | Ensovoorts | (1) |
| | | |
| 3.6 | (Bier)fees | (1) |
| | | |
| 3.7 | Dit is die naam van die uitstalling. | (1) |
| | | |
| 3.8 | Die prentjies wys op aktiwiteite in die buitelug (buitenshuis) gedoen kan word. | (1) |
| | | |
| 3.9 | Buitenshuise uitstalling | (1) |
| | | |
| 3.10 | Mense wat lief is om dinge in die buitelug te doen./Mense wat van buitelug-avontuur hou. | (1) |
| | | **[10]** |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 4

### TEKS E: STROKIESPRENT
[Verwerk en aangepas uit *Rapport*, 18 Januarie 2015]

| VR. | ANTWOORD | | PUNT |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Dit het geen batterye/krag/elektrisiteit nodig nie./Dit bevat alle inhoud en hoef nie gelaai te word nie./Dit is onbreekbaar./Dit kan geen virusse kry nie./Dit is maklike om te gebruik.<br>*(of soortgelyk aan bogenoemde)* | | (1) |
| | | | |
| 4.2 | Hulle gesigte./Hulle oë is groot./Hulle (glim)lag breed./Die seuntjie hou die handboek omhoog. | | (1) |
| | | | |
| 4.3 | 4.3.1 | Figuurlik | (1) |
| | | | |
| | 4.3.2 | Dit wys op moeilike jare/kragonderbrekings/beurtkrag wat voorlê. | (1) |
| | | | |
| 4.4 | Is die skoolhandboek beurtkrag-bestand?<br>*(Daar moet 'n vraagteken wees om 'n punt te verdien.)* | | (1) |
| | | | |
| 4.5 | Daar is beurtkrag aan die gang./Daar is geen elektrisiteit nie. | | (1) |
| | | | |
| 4.6 | Fantasties | | (1) |
| | | | |
| 4.7 | Skool-hand-boek | | (1) |
| | | | |
| 4.8 | Makliker | | (1) |
| | | | |
| 4.9 | Die virus het my siek gemaak. *(moet na mediese aspek verwys)* | | (1) |
| | | | **[10]** |

ÉcoleBooks

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### TEKS F: ARTIKEL

[Verwerk uit *Beeld*, 5 Mei 2015]

| VR. | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1 | Daagliks | (1) |
| | | |
| 5.2 | Mooier | (1) |
| | | |
| 5.3 | Eerste | (1) |
| | | |
| 5.4 | Gebakte | (1) |
| | | |
| 5.5 | Jozanne se foto is deur Pieter op Instagram gesien.<br>Jozanne se foto is op Instagram deur Pieter gesien. | (1) |
| | | |
| 5.6 | Hy het ’n skets van haar gemaak en gehoop **om haar eendag wel te ontmoet.** | (1) |
| | | |
| 5.7 | Present | (1) |
| | | |
| 5.8 | Hierdie afspraak**,** volgens Pieter, was aangenaam. | (1) |
| | | |
| 5.9 | Hy sê dat hy nog nooit so gestres het nie.<br>Hy het gesê dat hy nog nooit so gestres het nie.<br>Hy sê hy het nog nooit so gestres nie.<br>Hy het gesê hy het nog nooit so gestres nie.<br>*(Enige EEN)* | (1) |
| | | |
| 5.10 | Die afspraak het goed verloop; daarom **hoop hy** hulle kan dit weer doen. | (1) |
| | | |
| 5.11 | Sy hou nie baie van die prentjie wat hy vir haar gegee het nie. | (1) |
| | | |
| 5.12 | Gesellig | (1) |
| | | |
| 5.13 | Ons albei was baie senuweeagtig. | (1) |
| | | |
| 5.14 | Hy | (1) |

Kopiereg voorbehou



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



| **TEKS G: PRENT**<br>[Bron: https://bit.ly/2TvFmJL.] | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **VRAAG** | | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 5.15 | 5.15.1 | Skootrekenaar/rekenaar | (1) |
| | | | |
| | 5.15.2 | Koerant | (1) |
| | | | |
| | 5.15.3 | Langs/agter | (1) |
| | | | |
| | 5.15.4 | Ouers | (1) |
| | | | |
| | 5.15.5 | Die seun lê vandag heerlik op sy bed om musiek te luister. | (1) |
| | | | |
| | 5.15.6 | Tekkies | (1) |
| | | | **[20]** |
| | | | |
| | | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

ÉcoleBooks

Kopiereg voorbehou